

ALFONS PRIMêR

Adres

POSBUS / P.O. BOX 2080

WINDMEUL

7630

E-mail: admin@alfonps.wcape.school.za

alfonsprimereskool23@gmail.com

Telnr.

021 - 869 8223

021- 869 8385 (FAKS/FAX)



EK IS TOT ALLES IN STAAT

17 November 2013

Geagte Mnr. Quickfall

Namens Alfons Primêr wil ek u van harte bedank vir die mooi gebaar om die muurprente by ons skool te hersien. Dit was 'n groot verassing toe u hier opdaag en die voorstel aan ons kom voorlê om die mure gratis te doen.

Dit is 'n bewys van omgee vir mense en u liefde vir kinders en die onderwys wat iemand so 'n daad te laat doen.

Die leerders en opvoeders het die hersiende muurprente onmiddellik opgemerk toe hulle na die vakansie na die skool terugkeer. Die leerders het ook opgelet dat daar nuwe woorde en prente bygekom het. Hulle het dadelik die nuwe begrippe en woorde onder die knie gekry. Stadige leerders lees ook hierdie muurkaarte en begrippe word makliker vasgelê.

Die Wiskunde en Taal by ons skool het drasties verbeter en Graad 3 het 'n prys ontvang vir die verbetering van meer as 20% in Wiskunde.

Dankie vir u bydrae tot die vooruitgang van Onderrig en Leer by ons skool.

Ons wens u sterkte toe op u werksaamhede.

God seën u.

A. Sauls

Skoolhoof